



NG KERK WITFIELD

Benodig voltydse leraar



GEMEENTE PROFIEL: Witfield is 'n middelslag voorstedelike gemeente binne die munisipale grense van Boksburg. Hoewel ons 'n ouerwordende gemeente is waar bejaarde sorg al meer aandag vra, is daar

ook 'n beduidende aantal jong getroudes met kleuters. Ons tiener jeug is nie baie nie, maar ons kategeseskool, jeugwerk en gereelde jeugkampe was nog altyd een van ons gemeente se sterk bedieningspunte.

Ons gemeente is bekend vir ons liefde en trots vir die gereformeerde belydenisse, liturgie en eredienste. Suiwer bediening van die Woord in die eredienste, kategese en pastoraat is vir ons die hoogste prioriteit.

Ons streef ook na gesonde betrokkenheid by ons gemeenskap en handhaaf daarom goeie verhoudinge met al ons skole asook kultuur- en gemeenskapsorganisasies. Ons gemeente se leuse is: *“Leef dan as mense van die lig”* en ons gemeentelied is Lied 488: *“Helder skyn U lig vir die nasies”*.

PLIGTE VAN LERAAR: Die pligte van 'n leraar in die NG Kerk word in Artikel 9 van ons Kerkorde opgesom en verder in die leraar se dienskontrak omskrywe. Die kerkraad behou die reg voor om ook ander meer spesifieke verwagtinge te stel.

VEREISTES: Enige leraar of proponent wat waarlik deur God geroep is en aan die nodige kerkordelike vereistes voldoen en by die gemeente profiel sal inpas kan met 'n kort CV aanmeld vir moontlike plasing op die groslys.

BEROEPING: Die beroepsvergadering word beplan vir 28 Oktober 2018. Ons wil slegs in biddende afhanklikheid van die Here beroep. Daarom behou ons die reg voor om 'n aanstelling te maak wanneer en soos Hy ons lei.

DIENSAANVAARDING: Ons mik DV vir diensaanvaarding vanaf Januarie 2019 of soos ooreengekom.

TRAKTEMENT: Volgens die riglyne van die aanbevole sinodale skaal.

DIENSVOORDELE EN VOORWAARDES: Gratis huisvesting asook reiskoste, verlof ens. volgens die bepalings en Reglemente van die Kerkorde asook die spesifieke dienskontrak.

KORT CURRICULUM VITAE: Stuur voor 22 Sept. 2018 aan: Pre-Advies by ngkerkwitfield@telkomsa.net

NAVRAAG EN VRAELYS: Ouderlinge: Leon van der Merwe (011 826-1982), Alex Nel 011 894-1713 of ds. Theo Danzfuss (011 826-1394). Aangesien ons waarskynlik nie almal vir 'n onderhoud sal kan nooi nie, sal ons bly wees as u die vraelys wat by die kantoor beskikbaar is, sal invul om ons te help om u beter te ken. Stuur asb. 'n kort CV tesame met die ingevulde vraelys na ons Kerkkantoor vir aandag: **Pre-advies.** ngkerkwitfield@telkomsa.net 011 826-1878 (Weeksdae: 8h00-13h00); Posbus 13027, Witfield. 1467.
